

A vibrant, high-contrast photograph of a protest. In the upper left, a person's silhouette is visible with their right arm raised in a fist. A large, white banner with bold, black, sans-serif text is draped across the middle of the image. The background is a fiery orange and yellow, suggesting a large gathering or a protest taking place in a hot environment. The banner text reads: 'Onse eis' (Our demand) with a thermometer icon integrated into the letter 'e', followed by 'KLIMAATSREGVERDIGHEID' (Climate justice) and 'NOU!' (Now!).

Onse eis
KLIMAATSREGVERDIGHEID
NOU!

'n Nuwe

Groen Eskom

TRANSFORMEER KRAAG,
TRANSFORMEER SUID-AFRIKA

Welkom by hierdie brosjure oor die Nuwe Groen Eskom-veldtog. Die veldtog is 'n projek van die Climate Justice Coalition, 'n Suid-Afrikaanse koalisie van burgerlike samelewing, gemeenskapsgebaseerde -, vakunie en voetsoolvlakorganisasies. Die inhoud is geskep deur 350Africa.org, in samewerking met die Climate Justice Coalition.

Ons in Suid-Afrika weet dat ons nasionale elektrisiteitsvoorsiener, Eskom, in groot moeilikheid is. Ons het egter 'n visie om dit reg te stel en 'n veldtog begin om daardie visie te laat realiseer. Die Nuwe Groen Eskom-veldtog poog om Eskom te transformeer van 'n nasionale las en die grootste besoedelaar op die vasteland, na 'n nasionale bate en 'n voorbeeld van klimaatgeregtigheid. Om te verseker dat ons suksesvol is, hoop ons om met hierdie brosjure mense bewus te maak en betrokke te kry om uit te reik na daardie toekoms.

Die probleem: Eskom se ou, onbetroubare en besoedelende steenkool kragstasies dompel ons in kragonderbrekings met beurtkrag of ladingvermindings. Eskom is verstregtel in korrupsie wat hulle in skuld gedompel het, kragpryze laat styg het en die openbare koffers van biljoene beroof het.

Dis moeilik om te dink dat Eskom deel van die oplossing eerder as die oorsaak van ons probleme kan wees. Dis moeilik om anders aan Eskom te dink as 'n las op die belastingbetaler en een van die grootste bedreigings vir ons gesondheid, ekonomie en omgewing.

Die oplossing: 'n Beter Eskom is moontlik. Een wat bekostigbare, betroubare en skoon energie kan voorsien. 'n Eskom wat 'n regverdige transformasie na 'n meer hernubare energie toekoms wat gemeenskappe bemagtig en werkers, besighede en alle Suid-Afrikaners bevoordeel, aandryf.

'n Nuwe Groen Eskom is nie net moontlik nie, dis absoluut noodsaaklik. Ons kan eenvoudig nie 'n vooruitstrewende en volhoubare toekoms vir Suid-Afrika verseker sonder om Eskom reg te ruk nie. Dit kan blyk een van die grootste en mees belangrike take in die skep van 'n beter Suid-Afrika vir almal, te wees.

Die Veldtog: Die Nuwe Groen Eskom-veldtog is 'n oproep vir vinnige en regverdige transformasie na 'n meer sosiaal-besitte, herwinbare kraggedrewe, zero-koolstof ekonomie wat skoon, veilige en bekostigbare energie aan almal verskaf en geen werker of gemeenskap in die transformasieproses agterlaat nie.

Meer oor die brosjure: Hierdie brosjure sit ons visie vir 'n Nuwe Groen Eskom uiteen en beskryf die potensiaal om Eskom te transformeer. Dit beskryf ook maniere waarop jy deel van die beweging kan wees om 'n Nuwe Groen Eskom te bou. Jy kan ook aanlyn aksie neem en registreer vir die nuutste ontwikkelinge by GreenNewEskom.org

Inhoud

Ons Visie vir 'n Nuwe Groen Eskom	4
Raak betrokke en help wen 'n Nuwe Groen Eskom	6
Transformasie van Eskom – 'n Volledige oorsig	8
'n Hernubare Rewolusie	8
'n Regverdige Oorgang	10
Takel korrupsie en dien die mense	14
Die Groen Industrialisasie van Suid-Afrika	17
Stelselverandering, nie Klimaatsverandering	18
Beoordeling van Eskom se Planne	20
Die DMRE se skadelike energie toekoms	22
Meer beurtkrag	22
Klimaatsontkenning	23
'n Onregverdige transformasie	23
Energie Outoritarisme	23
Karpowership Korrupsie	24
Mobiliseer vir 'n Regverdige Energie Toekoms	25
Meer oor Climate Justice Coalition en 350Africa.org	26
Lys van ondersteuners van die Nuwe Groen Eskom-veldtog	27
Gereelde vrae	28
Verwysings	30

Ons Visie vir 'n Nuwe Groen Eskom

Die Nuwe Groen Eskom-veldtog is deur die Climate Justice Coalition, 'n Suid-Afrikaanse koalisie van burgerlike samelewing, vakunies, grondvlak en gemeenskapsgebaseerde organisasies, ontwikkel. Die koalisie het die volgende stel onderling-verbinde eise voorgestel wat hul visie vir die transformasie van Eskom en die Suid-Afrikaanse enrgiesektor, uiteensit.

- 1. 'n Vinnige en regverdige oorgang** na 'n meer hernubare krag ekonomie wat sosiaal besit word en skoon, veilige en bekostigbare energie aan almal verskaf en geen werker of gemeenskap in die transformasieproses agterlaat nie.
- 2.** Die daarstelling van 'n **regverdige transformasieplan** wat in werkers en gemeenskappe wat kwesbaar is in hierdie transformasie na 'n zero-koolstof toekoms, belê. Ons kan nie werkers en gemeenskappe in hierdie transformasie agterlaat nie. Hulle moet beskerm word.
- 3. Verwyder die hindernisse vir hernubare energie** wat deur die 2019 Geïntegreerde Hulpbronneplan ingestel is en transformeer so gou moontlik na hernubare energie. Ons moet die transisie versnel in lyn met Suid-Afrika se deel om verwarming tot 1.5°C te beperk.
- 4. Beleid en aansporingsmeganismes om hernubare energie in sosiale besit moontlik te maak** sodat wekers, gemeenskappe, klein-tot-medium ondernemings en families voordeel kan put en eienaars kan wees van skoon energie. Geslags-, ras-, en ekonomiese regverdigheid moet hierdie beleid lei.
- 5.** Die ontwikkeling en implementering van **groen industrialisasiebeleid** wat Suid-Afrikaners in staat sal stel om met trots hernubare energie en komponente wat daarmee geassosieer word, te vervaardig. Gebiede wat kwesbaar, steenkool-afhanklik en koolstof intensief is, moet prioriteer word.¹
- 6. Brei Eskom se mandaat uit om hul toe te laat om vining nuwe hernubare energie en energieberging te bou.** Hulle moet ook die beleggings maak wat nodig is om die netwerk uit te brei en op te gradeer en sodoende nuwe sosiaal-besitte hernubare energie in die netwerk invoer.
- 7. Beeindig skadelike en regressiewe subsidies vir steenkool, olie en fossielgas** en wend dit eerder aan vir dringende behoeftes soos onderwys, gesondheidsorg, toegang tot energie en hernubare energie. Belastingbetalers kan nie aanhou om besoedelende en onekonomiese industrieë te red nie.
- 8. Geen nuwe steenkoolkrag nie.** Sogenaamde "skoon steenkool" is 'n duur besoedelende leuen. Medupi en Kusile kragstasies se geraamde kostes alleen, is bykans R500 biljoen. Dit sluit die tegnologie om hulle skoon te maak uit – wat volgens Eskom te duur is.

9. **Stop hidrobreking** vir aardgasse. Pleks van besoedelende aardgas, moet nuwe gasaanlegte fokus op waterstof en bio-gas wat kan help om die netwerk van hernubare krag te voorsien. Suid-Afrika en Sasol moet leiers wees op die gebied van groen waterstof.
10. **Massa uitrol van sonpanele;** elektriese voertuie en ondersteunende infrastruktuur; bekostigbare, elektriese massa-vervoer; slim netwerke; battery en bergingstegnologie; en die skep van doeltreffende aanpassings vir lae-inkomste huise; wat almal ondersteun word met beleid vir plaaslike vervaardiging.
11. **'n Massiewe vaardigheids-, werkseleentheid- en onderrigprogram** om vir die mense van Suid-Afrika geleenthede in die hernubare energie ekonomie te skep en die Een Miljoen Klimaatwerkseleenthede te ontsluit. Vroue en jongmense moet 'n kardinale deel van hierdie program wees.²
12. **Nee vir volgehoue tariefverhogings** wat elektrisiteit onbekostigbaar maak en korrupte duur steenkoolkontrakte subsidieer. Terwyl Eskom nie in staat is om hulle kostes te verhaal nie, behoort Suid-Afrikaners nie gedwing word om vir die korrupsie en diefstal by Eskom te betaal nie.
13. **Herstruktureer Eskom en doen weg met korrupsie** en vet, oorbetalde (wan)bestuur. Eskom moet deursigtige en verantwoordbare strukture in plek stel om beter oorsig te verseker ten einde korrupsie en diefstal uit te roei.
14. **'n Oudit van alle energievoorsieningskontrakte** om koste te verhaal en opgeblase kontrakte te beeindig. Dit moet die R14 miljard in opgeblase steenkoolkontrakte tydens die 2008 beurtkrag, insluit.³
15. **Brei die onvoldoende basiese gratis elektrisiteit uit** vir lae-inkomste huishoudings en verseker dat almal toegang het tot genoeg betroubare en bekostigbare energie. Ons moet ons meer weerlose burgers beskerm, nie afsny en beurtkrag toepas nie.
16. **Geen uitsonderings vir Eskom en Sasol vir skoon lug-regulasies,** minimum emissiestandaarde of deursigtigheid van emissiedata nie. Regulasies moet verskerp word om skoon lug vir almal te verseker, soos in die Deadly Air of Umoya Obulalayo-saak aangevoer is.⁴
17. Alle gemeenskappe wat deur mynbou en energieprojekte geraak word, moet **vooraf, vrylik en ingelig toestem** en die regering en instellings moet dit respekteer: 'n Standaard moet in wetgewing vervat word en in die praktyk respekteer word.
18. Soos Cry of the Xcluded en die Climate Justice Coalition beide aandrang, benodig Suid-Afrika, benewens energie 'n **radikale Nuwe Groen Ooreenkoms** wat ons in staat sal stel om 'n meer sosiaal en ekologies-vriendelike toekoms te bou en ons diepgewortelde ongelykheid, werkloosheid en armoede, kan aanspreek.⁵

Raak betrokke en help wen 'n Nuwe Groen Eskom

Die toekoms van Eskom is een van die mees uitdagende kwessies in Suid-Afrika. Dit is gekaap deur belangegroepe wat biljoene daaruit munt slaan en voortgaan om te besteel, besoodel en ons energietoekoms te korrupteer. Dit gaan meer verg as 'n hoflike brief om 'n Nuwe Groen Eskom te kry. Ons is in 'n magstryd vir die toekoms van ons land en sal 'n beweging moet bou wat magtig genoeg is om betekenisvolle verandering en transformasie te bewerkstellig.

Mense van alle agtergronde sal moet saamstaan om 'n Nuwe Groen Eskom te bekom. Ons hoop jy sal by ons aansluit en aandring op 'n Nuwe Groen Eskom. Hier is 'n paar maniere hoe jy betrokke kan raak.



Teken in ter ondersteuning: Jy kan as individu of as 'n organisasie by ons webblad, [GreenNewEskom.org](https://www.GreenNewEskom.org), inteken ter ondersteuning van die veldtog. Sodoende gee jy jou steun en kan jy kies om nuus oor die veldtog te ontvang.



Versprei die woord: Ons moet die beweging uitbrei en meer mense kry om 'n Nuwe Groen Eskom te ondersteun. Jy kan die woord versprei deur dit op WhatsApp, sosiale media of e-pos, te deel. Skakels om daarmee te help is beskikbaar by: [GreenNewEskom.org](https://www.GreenNewEskom.org).



Laat jou stem hoor: Gebruik jou pen, jou sleutelbord en jou woorde. Skryf of bel jou plaaslike koerant, blog en/of radiostasie en verduidelik waarom ons 'n Nuwe Groen Eskom nodig het. Om jou stem te laat hoor is krities om steun en bewusmaking te bou sodat ons 'n regverdige energietoekoms kan hê.



Onderrig jouself en ander: Wil jy leer wat 'n Nuwe Groen Eskom beteken? Besoek GreenNewEskom.org/learn. Hier sal jy 'n inligtingsblad, brosjure, potgooie, artikels en ander materiaal vind wat jou kan help om die kwessies te begryp en die woord te versprei.



Sluit aan by die Massa Mobilisering: Ons werk aan 'n COVID-veilige massa mobilisering gedurende September 2021. Ons verwelkom alle steungroepe en mense om hierby aan te sluit, in te lig en mobiliseer. Wanneer jy jou steun aanteken by GreenNewEskom.org, sal jy verdere inligting hieroor ontvang.



Kontak besluitnemers: Dis nodig dat besluitnemers in Eskom en die regering weet dat mense 'n Nuwe Groen Eskom steun. Ons moet hulle verantwoordbaar hou en druk toepas. Vind uit hoe jy jou besluitnemers kan kontak by: GreenNewEskom.org/contact



Organiseer 'n werkswinkel: Is jy deel van 'n organisasie of gemeenskapsgroep wat meer oor 'n Nuwe Groen Eskom wil weet? Reël gerus 'n aanlyn of (Covid-afhanklik) fisiese werkswinkel. Kontak ons as jy hulp nodig het.



Protesaksie: Groepe is welkom om hul eie protesaksie of kunsinstallasies ten gunste van 'n Nuwe Groen Eskom te reël. Synde jy Eskom, die regering of die publiek teiken, moedig ons jou aan om betrokke te raak.



Nuut by organisering en aktivisme? Jy kan meer oor werksinkels, skryf aan die media en organisering van protesaksie leer by trainings.350.org



Het jy ander idees om 'n Nuwe Groen Eskom te bewerkstellig of wil kontak maak? Stuur vir ons 'n boodskap via die kontakvorm beskikbaar by GreenNewEskom.org

Transformasie van Eskom

Die sentrale eis van die Groen Nuwe Eskom-veldtog, is 'n vinnige en regverdige oorgang na 'n meer sosiaal-besitte, hernubare energiegedrewe ekonomie wat skoon, veilige en bekostigbare energie aan almal verskaf en geen werker of gemeenskap in die proses agterlaat nie.

Ten einde ons energiestelsel te transformeer, moet ons Eskom transformeer – Suid-Afrika se monopolistiese kragverskaffer, die grootste besoedelaar op die Afrika vasteland en een van die grootste gevare vir ons ekonomie, gegewe die rampspoed van beurtkrag en Eskom se biljoene skuld.

Dit sal vele veranderinge verg om Eskom te red, insluitend om korrupsie te takel, toegang tot energie vir almal te verseker en Eskom te herstruktureer om 'n meer verantwoordbare en deursigtige Eskom te verseker. 'n Kardinale stap is vir Eskom om weg te beweeg van duur, onbetroubare en besoedelende steenkool.

'N HERNUBARE REWOLUSIE

Steenkoolkrag maak ons mense dood deur lug-, water-, en grondbesoedeling sowel as die rampspoedige impak op klimaatsverandering. Onbetroubare steenkoolaanlegte veroorsaak beurtkrag, terwyl duur steenkoolooreenkomste energiekostes laat styg en Eskom in skuld dompel.

Die goeie nuus is dat ons van ons ongesonde afhanklikheid van steenkool kan wegkom. 'n Hernubare energie toekoms is nie alleen moontlik nie, dis ook op baie vlakke die beste energie toekoms. Veelvuldige studies en verslae dui daarop dat 'n transisie na hernubare energie:⁶



- ▶ *Die koste van energie beduidend sal verlaag.*
- ▶ *Honderde biljoene liter water per jaar sal spaar – 'n kritiese besparing in 'n waterskaars, drooggeteisterde land.*
- ▶ *Die vinnigste manier is om nuwe energie aanlyn te bring, beurtkrag te beeindig en toegang tot energie aan diegene daarsonder te bring.*
- ▶ *Ons energiestelsel meer betroubaar kan maak.*
- ▶ *Ons grootste bron van besoedeling kan verwyder.*
- ▶ *Honderde duisende nuwe werksgeleenthede kan skep vergeleke met steenkool, gas en kernkrag.*

Die dalende koste van hernubare energie

Hernubare energie is tans die mees bekostigbare energie en raak steeds goedkoper

Die prys van elektrisiteit van sonkrag het in 10 jaar met 89% gedaal.

Die koste van aanlandige windkrag het in 10 jaar met 70% gedaal.



Die koste van elektrisiteit van nuwe kragstasies

Elektrisiteitspryse word uitgedruk in 'afgeplatte koste van energie' (AKVE)

AKVE sluit die koste van oprigting van die kragstasie sigself, sowel as die operasionele koste (brandstof, ens.) vir die lewensduur van die stasie in

Data: Lazard Levelized Cost of Energy Analysis. Weergawe 13.0

Bron: [OurWorldinData.org](https://ourworldindata.org)

Om die tempo waarteen hernubare energie ons energie-ellende kan oplos, te bepaal, kan ons kyk na lande soos Viëtnam waar sonkragopwekkers gelykstaande aan ses steenkool kragstasies, in 2020 alleen opgerig is.⁷ Daar is aanduidings dat Suid-Afrika ook ons engiesektor vining kan omswaai indien ons die nodige ondersteunende beleid vir hernubare energie in werking stel.

Met hernubare energie wat ons mees betroubare, goedkoopste en skoonste energiebron is, het ons nodig om so gou moontlik na hernubare energie om te skakel. Dis die beste en vinnigste manier om ons energie krisis die hoof te bied en klimaatsverandering aan te spreek teen die tempo wat wetenskap aandui as noodsaaklik.



'n Regverdige Oorgang

As ons na hernubare energie wil omskakel, moet ons verseker dat dit nie net vining, maar ook regverdig, gebeur. Ons moet werkers en gemeenskappe wie se voortbestaan afhanklik is van steenkool en koolstof-intensiewe sektore, beskerm en in hulle belange investeer. Hulle mag nie in die transformasie agtergelaat word nie. Suid-Afrika spandeer biljoene om onekonomiese en besoedelende steenkool te subsidieer. Ons moet eerder die Spaanse voorbeeld volg wat subsidies herlei het en in 'n regverdige vennootskap met vakunies en gemeenskappe investeer het.⁸

Vakunies, werkers en gemeenskappe regoor Suid-Afrika vra al vir baie jare vir 'n regverdige transisie na 'n meer sosiaal-besitte energie toekoms.⁹ Hulle oproep sluit veldtogte soos One Million Climate Jobs en die transformasie van Eskom, in.

Terwyl ander lande transformasieplanne in werking stel, het Suid-Afrika, danksy die regering se traagheid, steeds geen plan in

plek nie. Ons moet hierdie onregverdigheid dringend aanspreek, ten einde te verhoed dat werkers en gemeenskappe, deur die krake van 'n transformerende wêreld val.

'n Regverdige transformasie verseker dat werkers deel vorm van die nuwe ekonomie deur heropleiding en ander belangrike maatreëls om hulle te beskerm en her-ontplooï. Dit behels ook die restorasie van besmette grond, wat op sy beurt werksgeleenthede en 'n meer waardige lewe vir diegene wat daarop woon, kan verskaf.

'n Regverdige transformasie behels egter nie net die beskerming van diegene wat negatief geaffekteer word nie. Dit behels ook die transformasie van ons energiestelsels ten einde te verseker dat hulle meer regverdig is.¹⁰ Hulle behoort transformasie aan te dryf en sodanige help om die nalatenskap van ongelykheid, armoede en onregverdigheid, ongedaan te maak. Die transformasie moet die beginsels van maatskaplike, omgewings-, geslags- en ekonomiese regverdigheid nastreef.



Eerder as die huidige neiging om die enesiesektor te privatiseer in die hande van internasionale maatskappye, kan 'n sosiaal-besitte hernubare energie toekoms verseker dat die voordele, werksgeleenthede en eienaarskap van energie in die besit van die mense bly en toegang daarvan vir almal verseker.

Eskom moet 'n sentrale rol speel in die transformasie en verseker dat dit regverdig is. Dit beteken nie dat hulle die enigste energieverskaffer is nie, maar wel dat hulle 'n sleutel rolspeler in die opwekking, verspreiding en transmissie van hernubare energie is.



'n Nuwe Groen ESKOM

'n Getransformeerde Eskom kan die kern van die hernubare energie rewolusie wees, waar huishoudings, maatskappye, gemeenskappe, munisipaliteite en Eskom almal saamwerk om betroubare, bekostigbare, skoon en hernubare energie te verskaf.

Deur in 'n slim netwerk te belê, kan ons verseker dat hernubare energie elektrisiteit veilig en bekostigbaar na gemeenskappe regoor Suid-Afrika, gebring kan word.

Batterye en ander vorme van energieberging soos hidro-pompe, kan bekostigbare noodenergie verskaf en sodoende verseker dat ons altyd toegang tot energie het.

Huishoudings, gemeenskappe en ondernemings regoor Suid-Afrika kan baat vind by die meer sosiaal-besitte hernubare energie en doeltreffende energieprojekte kan werksgeleenthede verskaf en vir hulle geld spaar en genereer.

Ten einde meer werksgeleenthede en voordele vir Suid-Afrika te versker, moet hernubare energie groen industrialiseringsbeleid kan versker dat ons met trots ons eie hernubare bronne en komponente plaaslik kan vervaardig.



Die transformasie van ons enersiesektor en die ekonomie na 'n meer maatskaplike en regverdige een, is een van die grootste werksgeleenthede ooit. Kolleges, opleidingsentrums en werksgeleenthedsprogramme kan miljoene ordentlike werksgeleenthede ontsluit en sodoende 'n beter toekoms vir almal skep.



Dis noodsaaklik dat ons niemand in die transformasie agterlaat nie. Dit beteken dat werkers en gemeenskappe her-opgelei word en dat werksgeleenthede vir gemeenskappe in die kwesbare steenkoolsektor, verskaf moet word.



Eskom sal baie van hul ou kragstasies moet opgee, wat 'n geleentheid vir nuwe lewe skep. Ons kan werksgeleenthede vir gemeenskappe en werkers skep deur die ou stasies op te gradeer na hernubare energie, die grond habiliteer en in alternatiewe energie in die areas te belê.


TAKEL KORRUPSIE EN DIEN DIE MENSE

Suid-Afrikaners kry dikwels die skuld vir Eskom se skuldlas omdat sommige munisipaliteite agtergeraak het met hul betalings aan Eskom. Die waarheid is egter dat Eskom se skuld spruit uit korrupsie, wanbestuur en die keuse van duur steenkool bo goedkoper hernubare energie.

Hou in gedagte dat Kusile en Medupi, ons nuwe steenkoolstasies, as gevolg van korrupsie en vertragings, Suid-Afrika bykans R500 biljoen gekos het – veel meer as die oorspronklike R80 biljoen raming.¹¹ Daarbenewens toon ondersoeke dat Eskom, tydens die 2008 beurtkrag R14 miljard onregmatige en duur steenkooltenders geteken het.

Hierdie biljarde rand se korrupsie oorskadu munisipaliteite se skuld by verre. 'n Groot deel van die munispale skuld kan tewens toegeskryf word aan die onbekostigabe 400% styging in elektrisiteitskoste as gevolg van die korrupsie en wanbestuur.¹²





Eskom se skuld in perspektief

Die koste van onregmatige en duur tenders vir steenkoolverskaffers na die 2008 beurtkrag. Luidens 'n 2019 Spesiale Ondersoekenheidsverslag, is dit moontlik dat die 2008 beurtkrag deels deur Eskom werknemers veroorsaak is omdat hulle vele waarskuwings oor die lae steenkoolvoorraad, ignoreer het. Die verslag dui daarop dat die “self-geskepte” noodtoestand 'n voorwendsel was vir die teken van R14 biljard se ongerymde steenkoolkontrakte.


Totale Eskomskuld (soos teen September 2020)

Koste van Kusile en Medupi

Bepaalde koste van Kusile en Medupi

Munisipale skuld aan Eskom

Eskom se gemiddelde prys van elektrisiteit – 1994 tot 2020



Eerder as om lae-inkomste Suid-Afrikaners vir die mislukking van Eskom te blameer, moet ons Eskom transformeer en verseker dat dit bekostigbare, hernubare elektrisiteit vir almal verskaf. Arm Suid-Afrikaners is nie die oortreders, maar eerder die slagoffers van Eskom se korrupsie en die meegaande styging in prys van elektrisiteit.

Ons moet verseker dat weerlose mense genoegsame toegang tot energie het, eerder as om hul toegang af te sny en hulle in die donker te laat. Dit sluit die uitbreiding van basiese toegang tot energie aan diegene wat dit nie het nie, asook die versekering dat dit alle lae-inkomste Suid-Afrikaners bereik, in. Navorsing toon dat die toelaag onvoldoende is om aan die basiese behoeftes te voorsien en dat miljoene huishoudings wat daarvoor kwalifiseer, dit nie kry nie.¹³

Die uitwissing van korrupsie is die sleutel tot Eskom se omkeerstrategie. Eskom moet alle verskafferskontrakte deeglik oudit en alle opgeblase en korrupte ooreenkomste verwerp en vermorsende praktyke staak. Ten einde toekomstige korrupsie te verhoed, moet Eskom transformeer om deursigtigheid en verantwoordbaarheid te verseker.

'n Eskom wat transformeer is, kan verander van 'n nasionale las tot 'n nasionale bate. Dit mag idealisties klink, maar soorgelyke transformasies het al voorheen gebeur. Korrupte, wanbestuurde, skuldbelaaide instellings is al regoor die wêreld omgekeer. Ons kan en moet dieselfde doen.



DIE GROEN INDUSTRIALISASIE VAN SUID-AFRIKA

'n Nuwe Groen Eskom kan ook Suid-Afrika se groen industrialisering aandryf en miljoene ordentlike werkseleenthede skep. Die regering en Eskom se beleid kan verseker dat ons gemeenskappe, besighede en fabriekke die groen industriële ontwikkeling lei en 'n hernubare enrgiesektor plaaslik vestig.

Benewens plaaslike vervaardiging, is 'n massa uitrol van sonpanele, elektriese voertuie en herlaai-infrastruktuur nodig; bekostigbare massa vervoer; slim netwerke; battery en beringsfasiliteite en die bou van aangepaste tegnologie vir lae-inkoste behuising.

Ten einde te verseker dat die mense van Suid-Afrika deel vorm van die groen industrialisering, moet ons belê in vaardigheids- en opleidingsprogramme om ons mense her op te lei. Ons moet werksprogramme daarstel wat verseker dat mense ordentlike en waardige werk het tydens hierdie oorgang.

Vroue en jongmense is krities in hierdie toekoms. Ons moet geslagsregverdigheid ten kern hiervan stel en geleenthede vir jongmense verseker. Ons moet ook die opbou van vaardighede in gemeenskappe wat steenkool-afhanklik, lae-inkomste, ongeskoolde, werklose en landelike gemeenskappe, prioritiseer.

Groen industrialisering kan die kern vorm van die herbou van 'n meer sosiaal- en ekologies regverdig toekoms waar ons miljoene mense aan die werk kan sit om ons maatskaplike, energie en omgewingskrisisse, die hoof te bied. 'n Nuwe Groen Eskom is krities in hierdie transformasie.



CLIMATE
JUSTICE
COALITION

STELSELVERANDERING, NIE KLIMAATSVERANDERING

Navorsing toon dat ons reeds gevaarlike klimaatsverandering, grotendeels as gevolg van steenkool, olie en gasverbranding, in die gesig staar. Die VN se Intergoewermenteel Klimaatsveranderingpaneel, waarsku dat ons vinnig moet optree om te verhoed dat ons die pre-industrialisasievlakke van 1.5C oorskry.¹⁴

As ons sommige van die ergste gevolge van die klimaatkrisis wil vermy, wys die paneel daarop dat ons vinnig ons gemeenskappe moet transformeer. Die wêreld moet teen 2030 besoedelende kweekhuisgasse halveer. Teen 2050, indien nie lank voor dit, sal ons die zero punt bereik waar ons meer insit as wat ons uitstraal deur aktiwiteite soos herbouende landbou en woudherstelling.

As die grootste besoedelaar op die Afrika vasteland, moet Eskom so gou moontlik omskakel na hernubare energie. Dit sal zero koolstof elektrisiteit verskaf en help om ander sektore soos vervoer en vervaardiging se koolstofvoetspoor, te laat krimp. Eskom kan en moet verander van die grootste koolstof besoedelaar in Afrika tot die dryfkrag agter 'n volle koolstofvrye ekonomie in Suid-Afrika.

Op dieselfde tydstop wat klimaatswetenskap aandui dat ons moet transformeer, toon die ongelykhede in Suid-Afrika ook dat transformasie moet geskied want ons is een van die mees ongelyke, arm en werklose gemeenskappe ter wêreld. Die transformasie moet die klimaatkrisis aanspreek en terselfdertyd die dryfveer wees in die transformasie van Suid-Afrika.


Sodanige transformasie is ons beste geleentheid om die apartheidsmodel van ekonomiese ontwikkeling, wat staat maak op besoedeling en uitbuiting van ons minerale-energiestelsel, omver te werp. In plek daarvan, kan ons 'n meer regverdige, inklusiewe en volhoubare ekonomie bou wat tot almal se voordeel is.

Dis Suid-Afrika se grootste geleentheid vir uiters nodige verandering. Nogtans, eerder as om die verandering aan te gryp, bly ons vasgevang in 'n mislukte status quo deur 'n ou garde wat besoedeling en ekonomiese stagnering bo innovasie, werkskepping en transformasie verkies.

TRANSFORMASIE BENODIG

Beperking van aardverwarming tot 1.5C sal dringende emissie verminderings verg

GtCO₂ per jaar



"DIEPGAANDE SOSIO-EKONOMIESE
TRANSFORMASIE - DIS DIE ENIGSTE MANIER HOE
ONS 'N ZERO-KOOLSTOF WÊRELD GAAN BEREIK"

Zwelinzima Vavi - SAFTU Algemene Sekretaris

Beoordeling van Eskom se Planne

Eskom het besef hulle moet transformeer en 'n regverdige oorgang na hernubare energie aangryp. Hulle beplan die oorgang onder leierskap van hulle Regverdige Energie Transisie kantoor wat hulle konsepplanne met ons gedeel het.

Daar is 'n paar positiewe elemente in die konsepplan, wat ooreenstem met die eise van die Nuwe Groen Eskom-veldtog. Sommige van die positiewe elemente, sluit die volgende in:

- ▶ Omskakeling van ou kragstasies na hernubare energiekrag
- ▶ Implementering van 'n sosio-ekonomiese vaardigheidsplan en heropleiding ten einde te verseker dat gemeenskappe en werkers sal vooruit streef en nie agtergelaat word nie
- ▶ Implementering van mikro-netwerke vir gemeenskappe wat nie toegang tot energie het nie
- ▶ Versnelde emissie-verminderingsdoelwitte en lugkwaliteit verbetering, na te streef
- ▶ In berging en slim netwerke te belê
- ▶ Op groot skaal in hernubare energie te belê
- ▶ Maatstawwe instel om plaaslike vervaardiging en hernubare energie te verseker
- ▶ Maniere te vind om 'n regverdige energie transformasie te finansier en Eskom se finansiële stabiliteit te verseker
- ▶ Kleinskaalse hernubare energie moontlik te maak
- ▶ Ondersoek groen waterstof – gebruik hernubare energie om waterstof te produseer

Die feit dat Eskom se leierskap begin om 'n regverdige transformasie te oorweeg, is rede tot opgewondenheid, veral aangesien daar magte in die regering en Eskom is wat hierdie veranderinge teenstaan. Terseldertyd is daar elemente van kommer en/of waarvan ons verskil:

- ▶ Gebrek aan besonderhede – op 'n oorsigvlak lyk baie van Eskom se planne goed, maar ons sal meer besonderhede moet sien om dit behoorlik te beoordeel.
- ▶ Omvang van privatisering – ons is bekommerd dat die pad na hernubare energie grootskaalse privatisering gaan behels. In hierdie opsig herhaal ons die oproep na 'n sosiaal-besitte hernubare toekoms.
- ▶ Implementering – 'n regverdige energie transformasie kan deur swak implementering ontspoor word, veral gegewe Eskom se toestand. Eskom moet omvattende implementering verseker.
- ▶ Slegs 'n oorgang? – Eskom het hulself in beginsel tot 'n regverdige transformasie verbind. Of dit inderdaad regverdig gaan wees, is 'n ope vraag. Dit moet beide prosedureel regverdig wees en seker maak dat alle belanghebbendes gekonsulteer word; asook substantief regverdig wees en geregtigheid vir alle partye verseker.
- ▶ Befondsing – dis verblydend dat Eskom maniere ondersoek om 'n regverdige oorgang te bewerkstellig ¹⁵. Ons is egter bekommerd dat internasionale finansierders op nadelige aanpassings sal aandring, eerder as om die weg te baan vir ware regverdige transisie. Enige finansieringsmaatreëls moet progressief wees.
- ▶ Politieke inmenging – ons is bevrees dat vooruitgang na 'n regverdige oorgang deur regressiewe magte belemmer sal word. 'n Groot struikelblok is die Departement van Minerale en Energie, soos in die volgende afdeling uiteengesit word.
- ▶ Ambisie – Eskom beoog om netto zero teen 2050 te bereik. Ons beskou die teiken as nie ambisieus genoeg nie en vir redes wat ons hieronder uiteensit, ontoereikend.

ONVOLDOENDE AMBISIE


Netto zero teen 2050 beteken dat Eskom teen 2050 meer kweekhuisgasse uit die atmosfeer gaan haal as wat hul uitstraal. Eskom wil dit bereik deur steeds na 2050 steenkool te brand en koolstofkrediete te koop, asook herbewouding en koolstofopvangs te gebruik om die balans op te maak.

Netto zero teen 2050 is gans te stadig. Indien die hele land teen 2050 netto zero moet bereik, moet die engiesektor lank voor dan gereed

wees.¹⁶ Elektrisiteit is veronderstel om die dryfveer te wees om ander sektore soos vervoer en industrie, koolstofvry te maak.

Die klimaatskrisis is reeds met ons. Ons moet hierdie transformasie so vinnig en eties moontlik doen. Moenie vir nog 30 jaar aanhou besoeleel nie. Enige vertraging verdoem ons tot dieper klimaat chaos en meer lug-, grond- en waterbesoedeling solank ons van skadelike steenkool en fossielbrandstowwe afhanklik is.

Lesse van Orsted se snelle skuif na hernubare energie



Indien ons na ander staatsbeheerde instansies kyk, sien ons dis moontlik om baie vinniger te transformeer. 'n Voorbeeld is die Deense staatsbeheerde Orsted. Soos tans die geval met Eskom, was Orsted in 2006 80% afhanklik van fossielbrandstowwe. Danksy sterk leierskap, was 90% van hul energievoorsiening in 2019, hernubaar. Hulle mik na 99% teen 2025.¹⁷

Orsted het hierdie oorgang gedoen voor die beduidende afname in koste van hernubare energie (wat dit tans die goedkoopste ter wêreld maak). Dus behoort Eskom so vinnig, indien nie vinniger as Orsted te beweeg nie. Dit beteken om 100% hernubare bronne teen 2040 eerder as 2050 te bereik. Ons jongmense, wat die meeste deur klimaatsverandering geraak word, dring aan op 100% teen 2030.¹⁸

Ekonomiese analise toon dat nuwe wind- of sonkrag teen 2030, indien nie vroeër nie, goedkoper sal wees as steenkool.¹⁹ Om steenkoolaanlegte vroeg uit te faseer sal geld en lewens spaar, eerder as om aan te hou om hierdie onekonomiese sektor te subsidieer. Ons kan eerder hierdie geld in 'n regverdige oorgang vir steenkoolwerkers, of op gebiede soos onderwys en gesondheidsorg, belê.

Eskom se transformasie moet dus nie net ter wille van die klimaat en omgewing vinniger geskied nie. Dit sal ook help met beter ekonomiese prestasie, laer energieparys en die groter werkskeppingsmoontlikhede wat met die regverdige oorgang gepaardgaan. Ons het 'n vinnige, regverdige oorgang nodig, nie 'n stadige onambisieuse een nie.

Die DMRE se skadelike energie toekoms

Ten einde 'n Nuwe Groen Eskom te skep, moet Eskom self transformeer. Die grootste struikelblok hiervoor is waarskynlik nie eers Eskom self nie. Dis eerder die Departement van Minerale en Energie (DMRE), onder leierskap van Minister Gwede Mantashe.


Die DMRE volg 'n onregverdige, onvolhoubare energie agenda wat ons ekonomie, werk, land, lewens, toegang tot veilige, betroubare en bekostigbare energie, klimaat, ons omgewing, ons kinders se toekoms en nog vele meer, bedreig.

MEER BEURTKRAG

Hoewel dit ekonomies bewys is dat hernubare energie die mees bekostigbare, betroubare en werksgeleentheid-vriendelike opsie is, het die DMRE die land se energieplan (die Integreerde Hulpbronneplan) verwring om nuwe duur, besoedelende steenkool, kern en fossielgasenergie toe te laat.²⁰

Hernubare energie is die vinnigste manier om nuwe energie te genereer en beurtkrag (wat dreig om erger te word) te beeindig. Nogtans saboteer die DMRE al vir jare hernubare energie en weier om nuwe projekte aan te help en geen hulp te bied aan diegene wat hulle eie wil genereer nie.²¹

Plaas van hernubare energie, bevoordeel die DMRE duur en besoedelende steenkool. Dit dwing hidrobreking (skaliegas) op waterarme gemeenskappe af, wat dreig om die beitië water wat hulle het, te besoedel. Dit keur olie- en gasbore aan ons kuslyn goed wat ons vissersgemeenskappe en toerisme skade berokken.



KLIMAATSONTKENNING

Wetenskaplike studies toon dat indien ons nie die herstel van COVID-19 gebruik om klimaatsverandering aan te spreek nie, ons ons laaste kans om die aarde by die kritiese punt van 1.5C te hou, gaan verbeur.²² Ons moet nou optree as ons 'n erger krisis wil afweer.

Pleks van 'n groen en regverdige herstel van COVID -19, behels die DMRE se "herstelplan" die versnelling van fossielbrandstowwe; toegewings tot buitelandse duur en besoedelende drywende kragstasies; en belegging in die duur en besoedelende leuen van sogenaamde "skoon" steenkool.

Die klimaatwetenskap is duidelik dat ons moet wegbeweeg van fossielbrandstowwe indien ons katastrofiese klimaatsverandering wil verhoed. Ten spyte hiervan, probeer die DMRE nuwe uitbreidings van olie-, steenkool- en gas regoor Suid-Afrika, deurdruk. Sodoende dompel hulle ons in dieper klimaatschaos.

'N ONREGVERDIGE TRANSFORMASIE

Werkers en gemeenskappe wat van steenkool afhanklik is, doen al lankal 'n oproep vir 'n regverdige transformasie om hulle te beskerm. Nogtans het die DMRE geen planne in plek nie en word gemeenskappe siek, verstoot en op hul eie gelaat soos steenkoolaanlegte toemaak.²³

Vakunies en gemeenskappe het ook al lankal 'n oproep gemaak vir sosiaal-besette hernubare energie wat gemeenskappe en werkers bevoordeel. Die DMRE privatiseer egter energie en voer die besoedelende agenda deur wat gemeenskappe en werkers skade berokken.



KARPOWERSHIP KORRUPSIË

Een van die mees skokkende besluite van die DMRE is krag skepe – skepe wat in ons hawens vasmeer en krag voorsien deur fossielgas aan boord te brand. Die skepe, asook die brandstof, sal ingevoer word.²⁴

Die DMRE het die beurtkragkrisis (wat hulle help skep het) gebruik om 'n verkrygingsprogram (die Risiko-voorkomingsprogram) in werking te stel wat krag skepe bevoordeel. Die President se eie Ekonomiese Adviesraad waarsku dat:


“die wyd-aanvaarde oogpunt in die bedryf dat die [Risiko-voorkomingsprogram] ‘uiters kompleks is’ en blyk spesiaal geskryf te wees vir duur krag skepe en gas-tot-kragprojekte ter uitsluiting van hernubare projekte”.

Die korrupsie in die program is bevestig deur bidders wat betrokke was wat die DMRE hof toe neem vir blatante korrupsie.²⁵ Die DMRE het basies 'n verkrygingsproses verwring en probeer om ons te verbind tot 'n energie toekoms wat duurder en meer besoedelend is.

Krag skepe is so duur en besoedelend dat hulle slegs as laaste uitweg deur mislukte en oorlog-geteisterde lande gebruik word om 'n energie-gaping oor die korttermyn, te vul. Suid-Afrika se oorweging van hierdie opsie is 'n aanduiding hoe erg die DMRE ons enersiesektor vernietig het.

Wat dit erger maak is dat die DMRE ons in 'n twintig jaar kontrak insluit het ter waarde van R200 biljoen. Hierdie geld gaan meestal oorsee, aangesien die Turkse maatskappy agter die projek 'n uitsondering op plaaslike verkrygingsvereistes verkry het.

In stede daarvan om R200 biljoen oorsee en na korrupte kaders te stuur, stel jou voor dat ons die geld in 'n plaaslike hernubare enersiesektor belê. Dit kan ons hele enersiespektrum verander en tienduiseende nuwe werk en werksgeleenthede vir Suid-Afrikaners, skep.



ENERGIE OUTORITARISME

Gemeenskappe regoor Suid-Afrika verwerp skadelike mynbou en besoedeling, maar die DMRE ignoreer hulle en ondermyn hul hard-gewonne reg op vrye en voorafverkrygte toestemming. Dan intimideer en onderdruk hulle voorts gemeenskappe wat opstaan vir hulle reg om nee te sê.²⁵

Terwyl arm gemeenskappe aandrang op toegang tot energie, sny die DMRE begrotings van elektrifiseringsprogramme. Hulle laat verder toe dat sonkrag- waterverwarmers wat miljoene werd is, stof vergader in stoorkamers, waar miljoene op stoorkostes gemors word.

In stede van 'n energie demokrasie gebaseer op skoon energie en volhoubare ontwikkeling, streef die DMRE energie outoritarisme na gebaseer op ekstraktiewe en besoedelende myn- en energie ondernemings, wat slegs die elite bevoordeel ten koste van die menigte.

**SUBSIDIES AND
BAILOUTS FOR
POLLUTERS,
AUSTERITY AND
DISCONNECTION
FOR THE POOR**



MOBILISEER VIR 'N REGVERDIGE ENERGIE TOEKOMS

Die onregverdige, uitbuitende, ontginnende, skadelike Apartheid-era praktyke van die DMRE, moet opgeknap word. Ons eis ontwikkeling wat maatskaplike, rasse, ekonomiese, geslags- en omgewingsgeregtigheid as basis van ons demokratiese transformasie, daarstel.

Vir al bogenoemde redes en nog meer, is die DMRE die grootste struikelblok vir 'n Nuwe Groen Eskom en 'n meer regverdige toekoms. Daarom is Minister Mantashe se DMRE, benewens Eskom self, een van die Nuwe Groen Eskom se hoofteikens.

Die Climate Justice Coalition beplan 'n mobilisering teen die DMRE in September 2021. Ons benodig massa deelname om hierdie weerbarstige en onregverdige instelling die stryd aan te sê. Sluit aan om nuus te kry en ondersteun die Nuwe Groen Eskom-veldtog by GreenNewEskom.org.



MEER OOR DIE CLIMATE JUSTICE COALITION

Die Climate Justice Coalition is 'n koalisie van Suid-Afrikaanse burgerlike samelewing, gemeenskapgebaseerde- en vakunie organisasies. Saam werk ons vir die bevordering van 'n transformerende klimaatsregverdige agenda, wat beoog om ongelykheid, armoede en werkloosheid in Suid-Afrika aan te spreek. Ons pleit vir 'n visie van klimaatsgeregtigheid wat omgewings-, energie-, geslag-, ras-, klimaats- en ekonomiese regverdigheid aanspreek. Ons weet dat die diep ongelyke ekonomiese stelsel wat mense uitbuit en ons omgewing verniel, die wortel van die klimaatskrisis is. Om klimaatsregverdigheid te bevorder, moet ons gelyktydig die stelsel aanvat en die uitbuiting van mense en die planet, aanspreek. Ons benodig 'n werkersklas klimaatagenda wat vir die meerderheid eerder as die minderheid werk. Jy kan meer oor die Koalisie en ons werk uitvind by ClimateJusticeCoalition.org



MEER OOR 350AFRICA.ORG

Hierdie brosjure is saamgestel deur 350Africa.org, 'n internasionale nie-vir winsbejag organisasie wat beoog om die klimaatskrisis aan te spreek deur te fokus op die einde van fossielbrandstowwe in Afrika en op hernubare energie vir almal, te fokus. Ons is deel van 'n sterk globale klimaatsbeweging van miljoen mense wat op voetsoolvlak mobiliseer. Klimaatsverandering gaan Afrika die swaarste tref, so ons veg vir klimaatsgeregtigheid. Baie arm Afrikane, veral vroue en kinders, staan reeds meer droogtes, vloede en ekstreme weerstoestande wat hul lewens bedreig en kospryse laat styg, in die gesig. Ons glo dat 'n Afrika-gebaseerde voetsoolvlakbeweging ons leiers verantwoordbaar kan hou vir die wetenskaplike realiteite en die beginsels van klimaatsregverdigheid. Vind meer uit by 350Africa.org

LYS VAN ONDERSTEUNERS VAN DIE NUWE GROEN ESKOM-VELDTOG:

350Africa.org	Mining Affected Communities United In Action
African Climate Alliance	Makause Community Development Forum
African Climate Reality Project	Middleburg Environmental Justice Network
Alternative Information and Development Centre	Newcastle Environmental Justice Alliance
Amnesty International SA	Nu Climate Vision
Bloemhof Electrical	Planet Huggers
Bokamoso Anti-Bullying	Progress Nature Conservation Ranger Organisation
Youth Support and Home Based Care Organisation	Project 90 by 2030
Botshabelo Unemployed Movement	Rejuvenate Youth Development
Centre for Applied Legal Studies	Réseau des Associations pour la Protection de l'Environnement et la Nature (RAPEN)
Centre for Environmental Rights	Right 2 Know
Climates Africa	Section 27
Designers Medium	Sekhukhune Environmental Justice Network
Earth Life	Soweto Action Committee
Extinction Rebellion South Africa	Software Colours
Fund our Future	South African Federation of Trade Unions
Foundation for Youth Empowerment and Advocacy	South African Youth Centre for Climate Change
General Industrial Workers Union of South Africa	Soweto Electricity Crisis Committee
Global Catholic Climate Movement - Africa	Unemployed Peoples Movement
groundWork	United Front - Gauteng
Keep Left	Vaal Environmental Justice Alliance
Lawyers for Human Rights	Waterberg Women Advocacy Organization
Lite Productions	Westside Park Community Crisis Committee
M2M Monitoring	Whole Earth Building Foundation
	Women Affected By Mining United in Action
	Women's Leadership and Training Program
	WoMiN

Gereelde Vrae:

Waarom Eskom red?

Baie mense voel dat ons Eskom moet laat sterf. Ons kan die egter nie doen nie, aangesien Eskom se skuld 'n nasionale kwessie is wat ons moet oplos of die risiko moet loop vir 'n skuldkrisis. Hoewel sommiges kan beskostig om uit die netwerk te skakel, kan die meeste dit boonop nie bekostig nie en sal vir die afsienbare toekoms steeds op Eskom aangewese wees.

Hoe betaal ons vir die Nuwe Groen Eskom?

Dis 'n feit dat dit duurder is om in ons huidige besoedelende steenkoolenergie stelsel vasgevang te wees. Hernubare energie is goedkoper as steenkool wat beteken dat ons geld kan spaar as ons die skuif maak.²⁸ As ons daarbenewens korrupsie en plundering by Eskom stopsit, kan ons biljoene Rande spaar wat 'n regverdige transformasie kan befonds. Eskom is terselfdertyd diep in die skuld en oorweeg innoverende befondsing om 'n regverdige transformasie te bewerkstellig. Om meer uit te vind oor hulle planne en die kommer oor hoe dit gaan realiseer, besoek <http://bit.ly/350JTTanalysis>

Wat is fout met privatisering?

Hoewel die privaatsektor 'n rol het om in die transformasie te speel, is dit 'n probleem as ons enrgiesektor deur internasionale maatskappe domineer word wat hulle wins oorsee neem. Baie lande het 'n perk op die hoeveelheid energie wat deur internasionale maatskappye beheer mag word en het maatreëls in plek om 'n meer sosiaal-besitte enrgiesektor te bevorder.

Wat is sosiaal-besitte hernubare energie?

Sosiaal-besitte hernubare energie kom in baie vorms voor waar energie deur werkers, kooperatiewe, gemeenskappe, burgers, munisipaliteite en die staat besit word. Die doelwit van sosiale besit is dat mense, eerder as internasionale maatskappye, die voordele van die energie kry.

Wat van kernkrag?

Kernkrag veroorsaak minder koolstofbesoedeling as steenkool. Baie mense is daarom daarteen gekant dat kernkrag afgeskaal word ten gunste van fossielbrandstowwe. Nuwe kernkrag skep egter minder werkseleenthede en besoedel meer, kos meer en vat langer om te bou as hernubare energie.²⁹

Wat van “skoon” steenkool?

Daar bestaan nie iets soos skoon steenkool nie. Daar is tegnologie wat steenkool minder laat besoedel, maar die vlakke van besoedeling is steeds hoog. Hierdie tegnologieë maak steenkoolkrag boonop duurder. Met hernubare energie wat alreeds goedkoper is as steenkool, maak dit nie ekonomiese sin om nuwe steenkoolaanlegte te bou nie.³⁰



Is gas nie 'n oplossing nie?

Dit hang af van watter gas jy praat. Dit raak al hoe goedkoper om groen waterstofgas te skep met hernubare energie en water. Ons is ten gunste hiervan en ander vorms van groen gas. Fossielgas in die vorm van metaan (wat deur die hidrobreking ontgin word), is erg besoedelend en duur vergeleke met hernubare energie.³¹ Soos die komende VN Klimaatsverslag waarsku, "is die uitbreiding van natuurlike gas nie versoenbaar met die Parys Konvensie se doelwit om aardverwarming tot 1.5C te beperk nie".

³² As sodanig, kan gas gebruik word om te help om die netwerk vir hernubare energie te stabiliseer en moet ons eerder op hernubare gassbronne fokus.

Is hernubare energiebronne betroubaar?

Daar is 'n uitgediende siening dat hernubare energie nie betroubaar genoeg is om die netwerk te volhou nie. Die realiteit en studies toon egter dat die voortuitgang in hernubare energie, netwerk en bergingstegnologie, dit 'n meer betroubare bron as steenkool maak.³³

Wat is die omgewingsimpak van hernubare energie?

Die vervaardiging van sonpanele, windturbines en batterye, het 'n omgewingsimpak. Hierdie impak moet verminder word deur ons verkrygingsprogramme en doeltreffende maatreëls om die vraag na energie te verminder. Ons moet ook versigtig wees vir sommige hernubare energie soos hidro- en bio-massa wat 'n beduidend hoër omgewingsimpak het as son, wind, aardgas en gety-energie. Die impak van fossielbrandstowwe soos steenkool, olie en gas is egter veelvuldig groter as hernubare energie. Daarom moet ons so gou moontlik na hernubare energie omskakel ten einde die vernietigende impak van fossielbrandstowwe, te verminder.³⁴

Verwysings:

1. The Case for Turning South Africa's Coal Fields into a Renewable Energy Hub <https://renewafrica.biz/2021/04/15/the-case-for-turning-south-africas-coal-fields-into-a-renewable-energy-hub/>
2. Vir meer oor Suid-Afrika se One Million Climate Jobs Campaign besoek: <http://aidc.org.za/programmes/million-climate-jobs-campaign/about/>
3. *Cancel Eskom's odious debt to the World Bank*, by Jonathan Cannard, Mail & Guardian, <https://mg.co.za/article/2019-08-19-00-cancel-eskoms-odious-debt-to-the-world-bank/>
4. Vir meer oor die Deadly Air-saak, besoek: <https://lifeaftercoal.org.za/about/deadly-air>
5. Vir meer oor die oproep vir 'n Nuwe Groen Bestel vir Suid-Afrika, lees:

The Cry of the Xcluded: We want a radical new deal that provides three million jobs, Daily Maverick, 2020/05/13 <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-05-13-the-cry-of-the-xcluded-we-want-a-radical-new-deal-that-provides-three-million-jobs/~>

To recover from COVID-19, South Africa needs "Green New Deal", Jennifer Wells & Alex Lenferna, Daily Maverick <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-04-24-to-recover-from-covid-19-sa-needs-green-new-deal/>

6. Talle verslae en studies toon dat 'n hernubare energie toekoms die mees inklusiewe, bekostigbare manier is om energie vir alle Suid-Afrikaners te verseker. Voorbeelde sluit in:

Navorsing deur die Universiteit van Kaapstad se Energie navorsingsentrum beskikbaar by:

<https://www.climate-transparency.org/media/socio-economic-considerations-for-a-paris-agreement-compatible-coal-transition-in-south-africa>

Ekonomiese modelering deur die LUT Universiteit in Finland

https://www.researchgate.net/publication/335881841_Pathway_towards_achieving_100_renewable_electricity_by_2050_for_South_Africa

Navorsing deur die Sentrum vir Wetenskaplike en Bedryfsnavorsing:

<https://www.engineeringnews.co.za/article/a-more-ambitious-renewables-roll-out-would-have-major-benefits-for-south-africa-new-study-shows-2020-07-16>

Navorsing deur die Handel en Bedryfsbeleidstrategie:

<https://www.tips.org.za/policy-briefs/item/3804-a-case-for-renewable-energy-in-south-africa-s-post-lockdown-economic-recovery-stimulus-package>

7. *Viet Nam has installed 6 coal plants' worth of solar in a year*. Douglas Broo in the World Economic Forum online, <https://www.weforum.org/agenda/2021/02/viet-nam-solar-power-surge/>
 8. *Remaking our Energy Future: Towards a Just Energy Transition for South Africa*, by Project 90 by 2030. <https://90by2030.org.za/wp-content/uploads/2020/03/Remaking-our-Energy-Future.pdf>
 9. *Eskom Transformed Report*, by Eskom Research Reference Group, 2020 <https://aidc.org.za/eskom-transformed-full-report/>
 10. *A Just Transition – our position*, by 350Africa.org, <https://350africa.org/just-transition-a-position-paper/>
 11. *Here is the true cost of Eskom's Medupi and Kusile power stations*, in MyBroadBand: <https://mybroadband.co.za/news/energy/318251-here-is-the-true-cost-of-eskoms-medupi-and-kusile-power-stations.html>
 12. *Eskom electricity prices – 1994 to 2020* by Hanno Labuschagne, <https://mybroadband.co.za/news/energy/362660-eskom-electricity-prices-1994-to-2020.html>
 13. *Free Basic Electricity: A Better Life for All*. Earthlife Africa Report Written by Ferrial Adam, 2010 <https://earthlife.org.za/wp-content/uploads/2020/11/Free-Basic-Electricity-Final-Low-res.pdf>
- PARI Report: Broken Promises – Electricity Access for low-income households, 2021 <https://pari.org.za/broken-promises-good-intentions-bad-trade-offs-and-unintended-consequences/>

14. IPCC Special Report on 1.5°C, 2018, <https://www.ipcc.ch/sr15/>
15. Vir meer besonderhede oor 350Africa.org se kommer oor die transformasie van Eskom, besoek: <https://350africa.org/350africa-org-reaction-to-proposed-just-transition-transaction/>
16. Climate Action Tracker ranks South Africa' fair share of climate action. <https://climateactiontracker.org/countries/south-africa/>
17. Orsted: How we build a world that runs on renewable energy <https://orsted.com/en/about-us/about-orsted/powering-the-world-with-green-energy>
18. Africa Climate Alliance – Climate Strike Report March 15, 2019 <https://africanclimatealliance.org/hello-world/>
19. Coal is not the answer to the COVID-recession, *Forbes*, Mike Scott, April 17 2020, <https://www.forbes.com/sites/mikescott/2020/04/17/the-coming-covid-19-recession-should-be-no-excuse-for-clinging-to-coal/>
20. Eskom Makes a Leap into the Future on Climate Change, *Business Day*, 2021/02/16 <https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2021-02-16-eskom-makes-a-leap-into-the-future-on-climate-change/>
21. Why South Africa's electricity blackouts are set to continue for the next five years, Hartmut Winkler, *The Conversation*, 2021/03/30 <https://theconversation.com/why-south-africas-electricity-blackouts-are-set-to-continue-for-the-next-five-years-155233>
22. *New research suggests 1.5C climate target will be out of reach without greener COVID-19 recovery plans*, H. Damon Matthews & Kasia Tokarska, *The Conversation*, 2021/01/18 <https://theconversation.com/new-research-suggests-1-5c-climate-target-will-be-out-of-reach-without-greener-covid-19-recovery-plans-151527>
23. *Mantashe's dangerous energy agenda is from the Trump playbook*, by Alex Lenferna, Mail & Guardian <https://mg.co.za/article/2019-10-16-00-mantashes-dangerous-energy-agenda-is-from-the-trump-playbook/>
24. Gwede Mantashe condemns us to deepening load shedding, *Daily Maverick* 23/03/2021 <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-03-23-gwede-mantashe-condemns-us-to-deepening-load-shedding/>
25. 25 SA energy mafia? Accusations against Gwede Mantashe are serious and could hurt entire South Africa <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-02-sa-energy-mafia-accusations-against-gwede-mantashe-are-serious-and-could-hurt-entire-south-africa/>
26. 'Still no right to free, prior, and informed consent in South Africa' by Mining Affected Communities United in Action, <https://macua.org.za/2020/10/02/a-decisive-break-from-the-past-still-no-right-to-free-prior-and-informed-consent-for-mining-affected-communities-in-south-africa/>
27. *Mantashe takes from the poor to pollute some more*, by Alex Lenferna, *New Frame*, 2020/08/24, <https://www.newframe.com/mantashe-takes-from-the-poor-to-pollute-some-more/>
28. Sien eindnota 4 waarom die omskakeling na hernubare energie Suid-Afrika geld sal bespaar.
29. Die menigte studies in eindnota 4 wys dat kernkrag heeltemal te duur vir Suid-Afrika is.
30. *The Myth of "Clean Coal": Why Coal Can Only Ever Be Dirty*, by the Centre for Environmental Rights. 2019, <https://cer.org.za/reports/the-myth-of-clean-coal>
31. *Why natural gas is dangerous for the climate*, *Global Witness*, 2021 <https://www.globalwitness.org/en/campaigns/fossil-gas/why-natural-gas-is-dangerous-for-the-climate/>
32. *Halting the Vast Release of Methane Is Critical for Climate*, *U.N. Says* <https://www.nytimes.com/2021/04/24/climate/methane-leaks-united-nations.html>
33. Study: Batteries, solar and wind can easily maintain grid security as coal retires <https://reneweconomy.com.au/batteries-solar-and-wind-can-easily-maintain-grid-security-as-coal-retires/>
34. Does 'green energy' have hidden health and environmental costs? *The Conversation* <https://theconversation.com/does-green-energy-have-hidden-health-and-environmental-costs-52484>

DAAR IS VERANDERING OPPAD



CLIMATE
JUSTICE
COALITION



WE
FIGHT
CLIMATE
CHANGE

350Africa.org